GRAAD 12 **TAALLLEER** **MEI 2020**

TEKS 3

BL 70 en 71 in Fiela se kind, die drama.
1.NINA: Wil jy ‘n patat hê, Lukas?
2.LUKAS: Nee
3.NINA: Kan jy ‘n geheim hou?
4.LUKAS: Watse geheim?
5.NINA: As jy saam met my kom, gaan wys ek jou die geheim.
6.LUKAS: Ek gaan nêrens heen nie.
7.NINA: Jy gaan bobbejaanboude kry van net so sit en sit
8.LUKAS: Ek wag vir my ma
9.NINA: Pa sê hy gee jou nog net vandag om uit jou **nuk** te kom. Van môre af gaat hy jou lekker kortvat.
10.LUKAS: Ek is nie julle kind nie.
11.NINA: Is, jy is.
12.LUKAS: My ma gaan my kom haal, jy gaan sien.
13.NINA: **Jy’s** Lukas wat weggeraak het, man!
Bosduif *en loerie skree skielik naby.*
14.LUKAS: Ek is Benjamin Komoetie.
15.NINA: Sjuut! Hoor jy dit?
16.LUKAS: Wat?
17.NINA: Is jy **doof**? ‘n Bosduif en ‘n bosloerie tesame.
18.LUKAS: Meisiekind weet jy miskien hoe ver ons van die pad af is wat Lange Kloof toe loop
19.NINA: Die hardepad?
20.LUKAS: Ek weet nie, dis die pad wat deur die bos loop en **(wat+langs)** hulle my Knysna toe geneem het.
21.NINA: **Dis** Diepwalle se **pad**.
22.LUKAS: Hoe ver is ons van Diepwalle af?
23.NINA: Lank se loop.
24.LUKAS: Weet jy hoe om daar te kom?
25.NINA: Ja.
26.LUKAS: Sal jy my wys hoe om daar te **kom**?

Taal in konteks met Fiela:

Beantwoord die onderstaande vrae na aanleiding van die teksgedeelte op bl. 70 en 71 in Fiela se kind, die drama

1.Skryf sin 1 in die ontkennende vorm.

2.Skryf sin 2 in die indirekte rede.

3. Watter tipe sin is sin 3?

4. Verander sin 3 in ‘n stelsin.

5.Skryf sin 5 oor en begin met: Wanneer...

6.Verander sin 6 sodat die sin nie meer in die ontkennende vorm is nie.

7.Watter ander idioom ken jy met die woord ‘bobbejaan’ in?

8.Skryf sin 8 in die indirekte rede. Begin so: Lukas sê dat...

9.Kyk na sin 9. Gee ‘n sinoniem vir “nuk”

10.Gee die korrekte woord vir “gaat”

11.Waarom gebruik die dramaturg die woord “gaat” as dit dan nie korrekte Afrikaans is nie?

12.Sin 13: Skryf uit: jy’s

13.Wat word die skuinsgedrukte dele genoem?

14.Watter vorm van beeldspraak kom voor in die skuinsgedrukte deel?

15.Skryf in die lydende vorm:

My ma gaan my kom haal.

16.Gee die intensiewe vorm van **doof**

17.Kies die korrekte woord: Die (familie/gesin) glo hy is Lukas.

18.Gee die verkleiningsvorm van **bosduif**

19.Gee ‘n antoniem vir: horend

20.Gee die meervoud van: kind

21.Maak ‘n sin met die homoniem van die onderstreepte woord.Lukas moet in die Bos <u>bly</u>.

22.Skryf sin 18 oor en vul die ontbrekende leestekens in.

23.Sin 20: Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

24. Sin 21: Watter twee woorde lê in “dis”?

25.Gee die ontbrekende woord:

Lukas gaan____ voet loop.

26.Skryf die ontbrekende woord neer:

Die (wag) seun is bekommerd.

27.Skryf sin 21 oor en begin soos volg:

Dit behoort...

Dit hoef...

Skryf nou albei hierdie sinne ook in die verlede tyd.

28.Vertaal: “believe” en “promise”

29.Skryf sin 25 in die indirekte rede.

30.Gee ‘n antoniem vir **vriend**

31.Verbind met ‘n voegwoord:

Sy weet hoe om tot by die hardepad te kom.

Sy sal hom wys. (gevolglik)

32.Hoe kan jy Benjamin se vraag in sin 22 se antwoord (sin 23) in ‘n volsin antwoord?

33.Gebruik “kom” (sin 26) se homoniem in ‘n sin.

34.Sin 15. Watter tipe sinne is die onderstreepte gedeeltes?

35.Watter gebeurtenis het tot hierdie gesprek tussen Nina en Lukas aanleiding gegee?

36.Kies die korrekte woord:++++++++++++++++++++++++++

Lukas is baie (opgewonde/ verward/ bang)

37. Vergelyk Benjamin se ervaring van die twee ruimtes: die Lange Kloof en die Bos.

38.Gee die meervoud van: pad

39.Gee die verkleiningsvorm van: pad

40. Gee die intensiewe vorm van:**vreemd** en **bang**.

[1]

[1]Afrikaans@metronoord